

Huldigingsbundel vir prof. Ilse Feinauer

Prof. Ilse Feinauer is nie net self 'n uitmuntende navorser nie, maar 'n akademikus wat ander aanspoor en bemagtig om navorsing te doen. Dit kan duidelik gesien word in die spesiale uitgawe van die vaktydskrif *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* wat onlangs verskyn het. Dié huldigingsbundel het kollegas prof. Harold Lesch en mnr. Marius Swart as gasredakteurs en fokus op die wisselwerking tussen taalpraktyk en teorie.

Na 'n voorwoord deur jarelange kollega prof. Rufus Gouws, wat prof. Feinauer se geweldige bydrae tot 'n verskeidenheid vakgebiede uiteensit, verskyn daar agt artikels deur verskeie internasionale en Suid-Afrikaanse akademici asook 'n aantal studente van die Departement Afrikaans en Nederlands.

Die eerste artikel deur prof. Luc van Doorslaer, verbonde aan die Universiteit van Tartu (Estland) en die KU Leuven (België) en buitengewone hoogleraar (Vertaling) by die Departement Afrikaans en Nederlands, fokus op hoe Suid-Afrika en Suid-Afrikaners in Nederlandstalige koerante uitgebeeld word – met ander woorde, hoe word Suid-Afrika se beeld in Nederlands vertaal.

Ander internasionale bydraes is die van prof. Anthony Pym en prof. Myriam Vermeerbergen. Prof. Pym is buitengewone professor (Vertaling) by die Departement Afrikaans en Nederlands, maar ook verbonde aan die Rovira i Virgili Universiteit (Spanje) en die Universiteit van Melbourne (Australië). Sy artikel fokus op kosmopolitaanse vertaling en hoe wêreldbeelde sou kon verander. Nog 'n kollega van die KU Leuven, prof. Vermeerbergen, is een van die Departement Afrikaans en Nederlands se navorsingsgenote. Sy het saam met twee Suid-Afrikaanse gebaretaaltolke, Ananda en Banie van der Walt, gewerk aan 'n artikel oor die projek om 110 Bybelverhale in Suid-Afrikaanse gebaretaal te vertaal.

Plaaslike kenners staan natuurlik geensins terug vir hul internasionale eweknieë nie. Prof. Marné Pienaar (Universiteit van Johannesburg) se bydrae behels 'n vergelykende ondersoek na Afrikaans- en Zulu-vertalings van Adam Habib se *South Africa's Suspended Revolution: Hopes and Prospects*.

Prof. Kobus Marais (Universiteit van die Vrystaat) sluit aan by prof. Feinauer se werk om Vertaalkunde as akademiese vakgebied in Afrika uit te bou en ondersoek vertaling se posisie op die vasteland, met vergelykende vertaling as 'n spesifieke fokus.

Me. Lelanie de Roubaix en dr. Amanda Lourens van die Departement Afrikaans en Nederlands se artikel lê die klem op die hoe sigbaar die vertaler en die vertaalhandeling is in resensies van vertaalde Engelse en Afrikaanse romans.

Prof. Gouws het benewens die voorwoord ook 'n artikel tot die uitgawe bygedra. Dit plaas leksikografiese dataverspreiding en inligtingsontrekking onder die loep en maak voorstelle vir verbeterde leksikografiese strukture.

Die slotbydrae is die van prof. Lesch en me. Simoné Gambrell. Hulle ondersoek tolkopleiding – spesifiek die ontwikkeling van 'n aanlegtoets vir simultane tolking.

Uit die verskeidenheid onderwerpe is die diep spore wat die huidige bekleër van die Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk in die akademie getrap het, duidelik sigbaar. Veels geluk aan prof. Feinauer en aan al die bydraers!